Kampkrummels

Nuusblad van Streek Kiepersol van die SA Woonwa-Assosiasie *Jaargang 36, No 3 November 2019*

Feesvieringe vir 50ste verjaarsdag

293 Woonwaens by 5 landswye saamtrekke

Vyf Nasionale saamtrekke met 293 woonwaens (tema Sawa is 50 jaar oud) het die naweek van 11 Oktober 2019 oor die lengte en breedte van die land plaasgevind. Dit was gepas want Sawa is op 11 Oktober 1969 gestig en Sawanante kon in hulle eie gebiede feesvier.

Daar was altesaam 19 woonwaens van Kiepersol (gaste ingesluit) by Weesgerus. Sewe ander streke in die gebied het saam gekamp. Die totale getal woonwaens was 55 wat wys dat ons streek kop en skouers uitstaan wat bywoning betref.

Oudergewoonte is Jakaranda se saamtrek baie goed georganiseer, maar die Prinsloos en Bakers het die kaarte van die "party "so'n bietjie deurmekaar gekrap.

Hieroor skryf Wilanda: "Weens werksverpligtinge in Mosambiek sou ons aanvanklik nie gaan kamp het nie. 'n Week voor die saamtrek is ons verwittig dat ons veiligheid nie gewaarborg kon word nie en moes ons noodgedwonge die "trip" afstel.

Dis toe dat Paul Kruger sê, "Nou gaan die Prinsloos seker kamp, nè!" Net daar en dan bel ek vir Quintin en sê pak, ons gaan kamp. Toevallig staan André Baker naby toe ek met Quintin praat en hy skree toe ook oor die foon "bespreek sommer vir die Bakers ook".

"Dierbare Willie Bronkhorst verwittig my dat die bespreking en betaling by Weesgerus reeds gedoen is. Ons moes toe self direk by die oord bespreek en reëlings tref. Sonder enige moeite word daar drie staanplekke gereël. Die enigste probleem was dat ons nie saam met die Sawanante in hulle sirkels kon staan nie, maar ons moes oorkant die pad gaan kamp opslaan het.

"Willie en sy span het ons hartlik verwelkom met ons aankoms so om-en-by twaalfuur Vrydag. Daar was toe reeds 'n groot klomp Sawanante.



Pres. Jurie Dreyer aan die woord

Die einste Willie skryf soos volg:

"Teen halfsewe Vrydagaand met boekevat is al die lede wat bespreek het behalwe een op hulle plek en opgeslaan. Pieter en Johanna van Biljon neem die boekevat waar.

Willie Bronkhorst verwelkom almal en heet ook die presidentspaar, Jurie en Kittie Dreyer, die nasionale penningmeesterspaar, Chris en Litia Joubert asook die nasionale skakelbeamptepaar, Rudi en Ilze Kleynhans, welkom.

Wilanda vervolg: "Die res van die aand is daar gebraai, saam gekuier, oor en weer gekuier, gelag en lekker gesels. Die hele dag het dit gelyk of daar 'n bui reën gaan uitsak en dit was ook 'n bietjie koud Vrydagaand".

Willie:"Saterdagoggend speel die tarentale wekker en teen halfsewe is die meeste ouens wakker en besig met 'n lekker koppie koffie en beskuit."

Wilanda:"Teen tienuur Saterdagoggend was dit so warm dat die kraaie (letterlik) gegaap het. Die bloukopkoggelmanders het nie eens beweeg as iemand tot by die boom stap waarin hulle in die koelte wegkruip nie".

Willie: "Pieter en Johanna van Biljon en Jurie en Kittie begin met voorbereiding om die senior burgers te onthaal met ietsie te drinke en te ete. Teen elfuur Saterdag heet Jurie Dreyer almal wat kom aansluit het welkom en die seniors kuier 'n hond uit die bos, soos net Sawa se seniors kan kuier."

Vervolg op bladsy 3 ►

Kom kamp saam by Willem Prinsloo
die naweek vanaf 22 November
Laat weet Litia dadelik by 072 020 3453

Voorsitter André Baker se Goeie- en Kerswense aan Kiepersollers

En so kom ons aan die einde van 2019. Dit was 'n jaar vol vreugde maar ook hartseer. Streek Kiepersol het vreugde ervaar waar ons elke maand heerlik kon saam kamp en waar vriendskappe versterk is en nuwe vriende deel van ons groot familie geword het. Dit alles maak Streek Kiepersol geseënd.

Ons het ook hartseer hierdie jaar ervaar met die afsterwe van geliefdes, ons dink veral aan Jannie van den Berg en Bertus Voges. Hulle sal altyd in ons gedagtes wees en ons koester hul mooi herinneringe wat hulle vir ons nagelaat het.

Dan was daar ook verskeie van ons lede in die hospitaal met operasies en siektes. Van die lede is gesond en ander sterk nog aan, ons bid julle alle voorspoed en beterskap toe.

So beleef ons baie dinge wat ons nader aan mekaar bring en ons geloof versterk.Dankie, Kiepersol vir al julle liefde en ondersteuning deur die jaar. Kiepersol is voorwaar 'n streek om op trots te wees en mag ons met die wysheid en krag van Onse Vader, elke dag van krag tot krag gaan.
'n Groot dank aan al die lede wat gekamp het deur die jaar en ook aan die bestuurslede en hul gesinne vir jul bydraes en hulp aan die streek, dit word opreg waardeer.

Waar ons dan nou die Kersseisoen nader, bid ek elke Kiepersoller vreugde en seën toe en mag die nuwe jaar vir ons streek en al die lede voorspoed en seën inhou. Mag almal geseënd wees en diegene wat met vakansie gaan dit geniet en goed uitrus en veilig wees. Laat ons dan die nuwe jaar positief en met geesdrif aanpak en altyd ons oog op die Vader gerig hou.

Graag sluit ek af met die volgende vers deur Helen Steiner Rice:

Verse mag soms treffend wees by 'n sekere okkasie,

Maar ons daaglikse behoefte bly God se inspirasie;

Want, nie net op 'n feesdag nie maar altyd, deur die jaar,

Moet ons, as kinders van die Heer, Sy gesindheid openbaar.

En as die hart bedruk is en ons voel ons kan beswyk,

Mag "Godgegewe Manna" ons in ons gees verryk met die wete dat Hy liefde is; Hy's 'n hoorder van gebed.

In Sy alwysheid weet Hy al wat ons nodig het.

- André Baker

SAWA KIEPERSOL

Streekbestuur 2019-2020

Voorsitter: André Baker

Ondervoorsitter: Wilanda Prinsloo

Sekretaris: Litia Joubert

Penningmeester: Rigard Lemmer

Redaksie: Wilanda Prinsloo

Senior burgers: Ina van den Berg

Bladuitleg Kampkrummels: Johann Lemmer: lemmerj@mweb.co.za

Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

(Vanaf bladsy 1)

"HIGH TEA" EN DIE ANDER SWEM

Wilanda: "Terwyl die senior burgers besig was met hulle "HIGH TEA" het die res van ons die swembaddens gaan opsoek. Tot ek, wat nie eers in 'n baaibroek pas nie, was eerste in die water. Die res van die oggend en 'n groot gedeelte van die middag is daar heerlik langs die swembaddens gekuier (geslaap), geswem en baljaar."

Willie: "Saterdagaand halfsewe begin die mense inkom in die saal wat pragtig voorberei is deur mense van die oord en Pieter en Johanna van Biljon. President Jurie Dreyer begin die aand se verrigtinge met boekevat waarna ons aansit vir 'n heerlike ete wat deur die oord vir ons voorberei is. Ons kuier gesellig saam tot agtuur toe Jurie Dreyer die heildronk instel. Toe volg elk van die ander vier verjaarsdagsaamtrekke se boodskappe. Dit alles is deur tegnologie met mekaar gedeel.

"Ons word bederf met heerlike roomys en sjokoladesous vir nagereg en toe begin die partytjie. Die musiek word verskaf deur Jonathan van der Walt en onse President nooi die weduvroue om die dansbaan saam met hom en Kittie te open.
Daar word tot laatnag gekuier en gedans soos net ons Sawanante kan".

Kampkommandante: *Chris en Litia Joubert, Johanna en Piet van Biljon, Willie en Elma Bronkhorst* ►

Die naweek word Sondagoggend afgesluit met die erediens wat deur ds. Henk Potgieter gelei word waarna Willie Bronkhorst die afsluiting doen.

Wilanda: "Weereens was dit geweldig warm en na *brunch* het meeste lede opgepak en met die woonwaens tot by die swembad gery, heerlik geswem en afgekoel en toe eers die pad terug aangedurf. Sonder enige insident was ons 'n uur-en-'n-half later by die huis. Baie dankie aan die kampkommandante en orgaiseerders – dit was weereens 'n helse sukses!"

-Wilanda Prinsloo en Willie Bronkhorst se verslae is hierbo saamgevoeg

Wilanda vra:

Kan ons hupse seniors al seniors wees?

Wilanda Prinsloo het die naweek by Weesgerus met 'n vraag geworstel: "Wat of wie is 'n senior burger en wanneer kan iemand as sodanig bestempel word?" Sy skryf:

As ons by kampe aankom is daar al baie mense, seker senior burgers. Ouma Wanda sou nou gesê het hulle is "boomstelers".

By die Weesgerus-saamtrek het die Sawa-president die senior burgers genooi na 'n "High Tea" Saterdagoggend. Dis toe dat ek die vraag gevra het wanneer kan iemand as 'n senior burger bestempel word. Nodeloos om te sê ek het net 'n skewe kyk van Willie ontvang en my vraag het onbeantwoord gebly.

Saterdagaand het ek weer. oor die saak gewonder toe die Sawanante die dansvloer ingewy het. Wanneer word jy as 'n senior burger bestempel, aangesien nie een soos 'n senior gelyk (en gevoel) het toe hulle die dansvloer laat lewe en baljaar het nie. Toe die DJ (*by the way* ek wil graag sy *playlist download)* die "line dance" Hillbilly Rock speel, "bestorm" al die senior burgers die dansvloer, met Seef Delport totaal en al "confused" wat dans dat jy net sien skoene spat. Dit was een groot suksesvolle makietie.

Tot oom Jerry en tannie Anna, wat ek dink die oudste lede by die kamp was, het saam gewals. My vraag is steeds onbeantwoord: As mense so hups is, hoe kan hulle senior burgers wees?

Wêreldbeker-vreugde!

Paul Kruger swaai vlae vir die bus met seëvierende Springbokke wat voor hulle kantoor verbygery het. Ons glo hy het dit ook namens Kiepersol gedoen.

Sawa 50-fotobeeld

Hierdie Sawanantjies het die swembad baie geniet

Oupa Quintin moes sy gereedskapkis nader trek om die fietsie reg te maak

Nou wie s'n is wie s'n?

Susan Delport (regs) leer vir Nadine Prinsloo die fynere kunsies van hekel. Nadine help ook met Kiepersol se Facebookblad.

Sawanant-feesgangers sit heerlik en kuier by die verjaarsdag-vieringe

◄

Die tafels was stylvol gedek en het pragtig vertoon

►